TOERPROGRAM

RYNVAART EN SWARTWOUD: 23 April – 3 Mei 2024

RYNVAART, SWARTWOUD EN SWITSERLAND: 23 April – 12 Mei 2024

April

Di 23 JOHANNESBURG – FRANKFURT

Toerlede wat net die Rynvaart of die Rynvaart in kombinasie met Switserland onderneem en van **Johannesburg** via **Frankfurt** na **Amsterdam** vlieg, moet op **23 April** om **15:00** aanmeld by **Lufthansa** se inweegtoonbank op die **O.R. Tambo-lughawe** vir die nagvlug **LH 573** wat om **19:00** na **Frankfurt** vertrek.

Wo 24 FRANKFURT – AMSTERDAM

Die groep land om **05:35** op die lughawe in **Frankfurt** en beweeg saam met die toerleier na die hek waardeur u moet gaan om **08:10** se aansluitingsvlug **LH 986** na **Amsterdam** te haal.

Met aankoms om **09:20** op Schiphol-lughawe in Amsterdam, wag ons plaaslike bus vir ons. Ons vertrek van die lughawe na die **Zaanse Schans**, 'n karaktervolle woonbuurt aan die Zaanrivier met houthuise en windmeulens uit die 17de eeu – die glorietydperk van hierdie streek. Ons besoek onder andere 'n klompemakery en 'n kaasmakery en het tyd om talle ander interessante besienswaardighede te besigtig.

Met aankoms by die boot, ***MS Europe*** ontvang u u kajuitsleutel by ontvangs; gaan maak u in u kajuit tuis en verken u tuiste vir die volgende ses nagte. Almal kom voor aandete vir 'n skemerkelkie in die sitkamer bymekaar waar ons deur die kaptein verwelkom en aan die bemanning voorgestel word. Daarna gaan ons na die eetsalon vir ons eerste aandete aan boord van ons 'drywende hotel'.

Do 25 AMSTERDAM – KEUKENHOF – AMSTERDAM

Die hoogtepunt van vandag is ons besoek aan **Keukenhof**, die grootste lentetuin in die wêreld, waar besoekers oor die sewe miljoen bolplante in hul kleurryke blommeprag kan sien – 'n onvergeetlike gesig! 'n Mens kan hier rustig deur die sprokiesmooi lushof stap, die blomme-uitstallings onder dak besoek en tipies Nederlandse verversings soos die bekende Hollandse poffertjies of stroopwafels by een van die stalletjies geniet.

Vanmiddag is u vry om **Amsterdam** op u eie te verken. Die toerleier sal u orienteer tov die vele hoogtepunte wat moontlik is, bv 'n opsionele kanaalvaart, 'n besoek aan een van die bekende kunsgalerye of u kan heerlik ronddrentel in die omgewing van die Damplein met 'n verskeidenheid van mooi geboue en interessante winkels.

'n Mens móét iets van die polsende ritme van hierdie ou wêreldstad beleef!

Ons keer om **18:00 terug** na die boot wat om **19:00** vertrek en deurnag vaar na Nijmegen.

Vr 26 NIJMEGEN – KREFELD

Die boot meer ongeveer om **06:00** vas by **Nijmegen**, wat aan die Waalrivier ('n vertakking van die Ryn) geleë is. Dit is die oudste stad in Nederland. Die Romeine het meer as 2 000 jaar gelede reeds 'n nedersetting hier gevestig, juis a.g.v. die strategiese ligging met omliggende heuwels en die mooi uitsig op die Waal- en Rynvallei. Die *Lange Hezelstraat* is die oudste winkelstraat in Nederland en is vandag 'n atmosfeerryke voetgangerslaan met 'n verskeidenheid van winkels, straatkafeetjies, die Grote Markplein, en die 13e eeuse *St Stevenskerk*.

Ná 'n heerlike ontbyt, geniet ons hierdie pragtige ou stad, met sy talle historiese plekke. Dit is ook moontlik om 'n opsionele uitstappie te onderneem na 'n opelugmuseum van ou plase en boederye, buite Arnhem voordat die boot om **13:00** weer vertrek.

Vanmiddag vergader ons in die sitkamer vir 'n lekker saamkuier en informele kenmekaar. Moet dit nie misloop nie! Die toerleiers sal u volledig inlig oor môre se besoek aan Keulen.

Die boot meer vanaand ongeveer om **22:30** vas in Krefeld vanwaar dit môreoggend na Keulen vertrek.

Sa 27 KEULEN

Die boot arriveer ongeveer **14:00** in **Keulen**. Keulen is 'n groot stad met baie om te sien en te doen. Ná middagete stap ons as 'n groep onder leiding van die toerleiers na die Domkerk (Unesco-wêrelderfenis). 'n Besoek aan hierdie manjifieke gebou, waaraan byna 700 jaar gebou is, is 'n móét. Die Dom dien ook as oriënteringspunt as iemand dalk verdwaal of verkies om alleen rond te stap.

Die plaaslike toeristekantoor is oorkant die Dom geleë. Die groot winkelstraat naby die Dom is Hohestrasse – 'n voetgangerlaan met talle interessante winkels.

Keulen lê aan weerskante van die Ryn. Agt brûe, waarvan twee spoorwegbrûe is, plus 'n kabelbaan verbind die twee oewers. Dié ou Domstad, waarvan 70% in die Tweede Wêreldoorlog verwoes is, is herbou en nou een van die belangrikste handelstede asook die vierde grootste stad in Duitsland.

Ons vertrek vanaand om **22:00** uit **Keulen** na **Rüdesheim**.

So 28 ROMANTIESE ROETE – RÜDESHEIM

Vanoggend volg ons die romantiese roete van die Ryn, wat deur Unesco tot 'n Wêrelderfenisgebied verklaar is. Maak seker dat u op die dek of in die sitkamer is sodat u niks mis nie!

Die hoogtepunt vandag is die talle sprokieskastele teen die hange weerskante van die Ryn en die legendariese **Lorelei-rots**. Hou dus u kameras (en notaboekies) byderhand!

Ons meer om **14:30** vas by een van die mees druk besoekte stadjies langs die Ryn: **Rüdesheim!** Hier stap ons deur die bekende Drosselgasse, wat immer woel met besoekers van oral! U kan die Niederwald Denkmal – 'n indrukwekkende monument wat per kabelspoor bereik word – opsioneel besoek.

Hierdie reusagtige monument is opgerig ter ere van die eenheid van Duitsland ná die Frans-Duitse oorlog van 1870/1. Op 'n 25,8 m hoë voetstuk staan die 10,5 m hoë Germania wat weswaarts kyk na waar die destydse Duitse Ryk aan albei kante van die Ryn tot ver in die huidige Frankryk gestrek het. Van hier af het 'n mens 'n ongelooflike mooi uitsig oor die Rynvallei en die stad Bingen op die oorkantste oewer.

Rüdesheim is ook 'n bekende wynstadjie – Karel die Grote het reeds in sy tyd die wyn hier geprys en sterk aanbeveel! 'n Mens kan ook 'n interessante besoek aan die musieksalon met 'n verrassende versameling meganiese musiekinstrumente aflê. Daar is 'n wynmuseum, 'n foltermuseum en buite die stad selfs 'n klooster waar die 60 nonne self hul wingerd tot 'n eksklusiewe wyn verwerk.

Ma 29 MANNHEIM

Die boot vertrek vanoggend om **04:00** uit Rüdesheim en arriveer ongeveer **12:00** in **Mannheim**, 'n stad in Suid-Wes Duitsland geleë aan die Ryn- en Neckarriviere.

Dit staan bekend as die *Stad van Uitvindings,* omdat die motor, trekker en fiets sy oorsprong hier gekry het. Karl Benz het met die eerste motorvoertuig in 1886 in die strate van Mannheim afgery.

Die stadsplan is uniek in Duitsland omdat die strate en lane in die stadskern in kwadrante gedeel is en aldus benoem is.

Vandag is dit hoofsaaklik 'n industriestad met die grootste binnelandse hawe in Duitsland. Die stad het grootskaalse vernietiging ervaar tydens die 2e Wêreldoorlog, juis a.g.v. sy belangrike rol in die handel- en bedryfsektor.

Die stad staan ook bekend as 'n kulturele- en musieksentrum.

Dit is moontlik om 'n opsionele besoek te bring aan Heidelberg, Duitsland se oudste universiteitstad.

Vanaand sit ons aan vir die Kaptein se Dinee.

Di 30 STRASBOURG – FRANSE PLATTELAND

Die boot vertrek om **02:00** vanoggend na **Strasbourg,** 'n elegante stad in Frankryk. Ons ontskeep na ontbyt. Ons besoek die stadsplein waar ons die beroemde eentoring-katedraal, ewe mooi van buite en binne, besoek. In u vrye tyd kan u die bekende besoekpunt *Petite France* (Klein Frankryk) te voet verken. Hier ontdek 'n mens iets van die Franse sjarme en kultuur, omring deur eeue-oue geboutjies en straatjies.

Ons ry vandag per bus met die Alsace-wynroete na pragtige Franse dorpies o.a. **Riquewihr** wat op die lys van Frankryk se mooiste dorpies pryk. Ons kry geleentheid om die Franse platteland eerstehands te ervaar, soos die tipiese wyn en cuisine van die streek. Na 'n voldag in die Franse omgewing, reis ons na **Titisee** in die hart van die Swartwoud, waar ons twee nagte oorslaap.

Mei

Wo 1 TITISEE – SWARTWOUD

Ná ontbyt het ons geleentheid om meer van die **Swartwoud** te beleef. Ons ry verby indrukwekkende valleie, dale, digbeboste berge en tipiese plaashuise. Ons besoek o.a. **Triberg**, waar die hoogste waterval in Duitsland (163 m) bruisend oor sewe rotsbloktrappe na benede stort. Dit is 'n besondere buitelug-ervaring wanneer 'n mens 'n entjie berg-op stap om die waterval te sien. 'n Minimale toegangsfooi is betaalbaar.

Later keer ons terug na die skilderagtige **Titisee**, wat aan 'n lieflike meer geleë is. Die talle luukse hotelle, baie winkels en lieflike omgewing naby Feldberg maak van Titisee 'n gesogte vakansie- en ski-oord. Die Swartwoud is ook die geboorteplek van ski-sport in Duitsland. Ons geniet vanaand weer aandete in die hart van die Swartwoud.

Di 2 TITISEE – ZÜRICH/BEATENBERG

Die groep wat opsie 1 onderneem, vertrek vanoggend na **Zürich** vir die terugvlug na Suid-Afrika. Oppad besoek ons die Rynvalle. Die res van die groep (opsie 2) besoek ook **Luzern** oppad na **Beatenberg** – 'n Switserse dorpie teen die Niederhornberg.

Die groepie van Suid-Afrika wat nét Switserland besoek, land vroeg vanoggend op Zürich-lughawe, vanwaar hulle per bus na Beatenberg reis om by ons aan te sluit.

Die hotel waarin ons tuisgaan, bied 'n pragtige uitsig oor die Thunmeer en Switserland se drie beroemde bergspitse: die Jungfrau, die Eiger en die Mönch.

Wo 3 JOHANNESBURG

Aankoms op die **O.R. Tambo-lughawe** in **Johannesburg** (opsie1) ná 'n verrykende droomtoer.

Wo 3 – Vr 10 Mei

BEATENBERG (Sien OPSIONELE DAGTOERE IN SWITSERLAND vir meer besonderhede oor die uitstappies)

Gedurende ons verblyf in Switserland ondereem ons opsionele uitstappies na van die mooiste plekke in hierdie sprokiesland.

U kan op u eie teen die Niederhorn opgaan of gratis en na willekeur met die munisipale bus tussen Beatenberg en Interlaken reis. Die Niederhorn bied 'n ongelooflike uitsig oor die Thunmeer.

Interlaken self is 'n pragtige dorp. Daar is talle winkels waar 'n mens interessante en eg-Switserse aandenkkings kan koop. Die toerleiers sal al die verskillende opsies aan u verduidelik.

Sa 11 Ons vertrek vandag na Zürich en land op **12 Mei** in Suid-Afrika ná 'n onvergeetlike vakansie in Europa.

LW: *Weens omstandighede buite ons beheer kan dit gebeur dat die toerprogram aangepas moet word*

OPSIONELE DAGTOERE IN SWITSERLAND

Vanaf Beatenberg kan toerlede elke dag as groep interessante opsionele bustoere onderneem om die mooiste dele van Switserland behoorlik te leer ken. Hierdie toere word, met inagneming van die weer, vooraf beplan en uitgewerk. Die opsionele toere word die vorige aand deur almal wat wil saamgaan bespreek en in Switserse Frank betaal. Diegene wat nie 'n spesifieke dag se uitstappie wil meemaak nie, is vry om een van die vele wandelpaaie te verken of korter uitstappies op hul eie te onderneem.

SCHILTHORN

Ons ry per bus deur die Lauterbrunnendal, waar talle watervalle hoog uit die Alpe in die pragtige nou dal neerstort, na Stechelberg en van daar per kabelkar na Schilthorn (2 970 m). Bo op die berg kan 'n mens rustig rondstap, die skiërs dophou of smaaklike verversings in die draaiende restaurant geniet. 'n Mens kan en wil letterlik net bly kyk en kyk en kyk...! Dis werklik die heel mooiste panorama oor die Alpe – onbeskryflik!

Met ons terugtog klim ons af by Mürren (1 650 m) – die dorp wat die hoogste op die Bernese Hoogland geleë is en wat slegs per kabelbaan of tandratspoor bereik kan word. Dit is 'n skilderagtige dorpie en die mekka vir lugbalonvaarders.

Op pad terug besoek ons die indrukwekkende Trummelbachval – die grootste gletserwaterval in die Alpe – waar duisende liters water per sekonde hul weg binne-in die berg uitkalwe en met donderende geweld na benede stort.

JUNGFRAU

'n Besoek aan die 3 454 m hoë Jungfraujoch is letterlik en figuurlik een van die hoogtepunte van 'n besoek aan Switserland. Die Jungfrau, Koningin van die Berge, spog met die hoogste spoorwegstasie in Europa. Die treinrit vanaf Lauterbrunnen tot by die "joch" duur sowat 2 uur – 'n besonder mooi en indrukwekkende rit. Van daar het 'n mens 'n asemrowende uitsig oor die omringende bergwêreld, asook op die 26 km lange Aletsch-gletser – die langste van sy soort in die Alpe en verstaanbaar genoeg 'n Unesco-wêrelderfenisgebied.

'n Verdere indrukwekkende belewenis is 'n besoek aan die ondergrondse yspaleis, 20 m diep in die gletser uitgekap. 'n Mens kan ook die koue trotseer en 'n entjie op die soliede ys gaan stap – 'n besondere ervaring!

Op pad terug na Beatenberg vertoef ons by die bekende gletserdorp Grindelwald, wat aan die suid-helling van 'n wye vallei met baie son en min wind lê. Die imposante bergreuse van die Bernese Hoogland – die Wetterhorn, die Schreckhorn en die noordekant van die Eiger – sluit die vallei in die suide af. Ons het tyd om rond te stap, die natuurskoon in te drink of by die winkeltjies in te loer.

THUN

Een van die mees gesogte opsionele toere is die pragtige bootvaart vanaf Beatenbucht na Thun.

Die boot vaar heen en weer tussen albei oewers van die Thun-meer en doen by verskillende dorpies aan om passasiers op en af te laai. Die besoek aan die stad Thun, met 'n unieke Middeleeuse karakter en bruisende Aare-rivier wat deur die stad stroom, is 'n fees vir enige besoeker. Dit is 'n stad met heerlike inkopie-moontlikhede en geleentheid vir 'n besoek aan die imposante ou kasteel wat bo die stad uittroon.

GRIMSELPAS EN AARESCHLUCHT

Ons ry al langs die pragtige diepblou Brienz-meer deur klein Switserse dorpies, knus geleë aan die oewer van die meer, tot by Meiringen: die stadjie van Sherlock Holmes. Die toerleiers sal die verhaal vir u vertel en die standbeeld vir u uitwys.

Ons besoek die Aareschlucht oftewel "Kloof van die Aare", waar die Aare-rivier deur die eeue heen 'n kloof van nagenoeg 1 400 m lank en 200 m breed in die kalksteenrotse uitgeskuur het. Dit is 'n aangrypende natuurwonder! Ons doen ook aan by 'n houtsneewinkel in Brienz om 'n demonstrasie in tipiese Switserse houtsneewerk by te woon.

Ons ry tot in die Hasli-dal. Daarvandaan styg die pad en word die natuur al hoe meer onherbergsaam, totdat dit naderhand net grou granietrotse vol sneeu is. Die pad kronkel tot by die grootste stumeer in die Alpe – 'n mensgemaakte meer vir hidro-elektriese kragopwekking. Soms word die pad toegemaak voordat 'n mens die stu-meer bereik. Die gedeelte van die Grimselpas wat oop is, is die moeite werd om te sien.

MONTREUX EN CLARENS

Op pad na Montreux ry ons deur een van die mooiste en langste valleie van Switserland, die Simmental, bekend vir Simmentaler-beeste en fraai houthuise wat ryklik met kunstige houtsneewerk versier is. Ons vermy juis die snelweë om iets van die Switserse platteland te beleef. Wanneer ons die Saanendal bereik, kom ons by Gstaad – beroemde ski-oord en 'speelplek' van die rykes. Hier vertoef ons 'n kort rukkie om die dorp te besigtig.

'n Mooi roete bring ons verder tot by Montreux aan die Lac Leman-meer. Onderweg vertoef ons 'n wyle by die beroemde Chillon-kasteel, die mooiste in Switserland. Daarna het ons geleentheid om in Montreux langs die pragtige promenade aan die meer, tussen die akkers met tulpe en ander blomme rond te dwaal of iets by een van die talle straatkafees te nuttig.

Die besoek aan die sterfhuis van Paul Kruger in Clarens, digby Montreux, is altyd 'n besondere belewenis.

Op pad terug besoek ons die Middeleeuse stadjie Gruyères, 'n trekpleister vir toeriste en ook bekend vir die besondere kaas wat in hierdie omgewing gemaak word. Indien die weer en tyd dit toelaat, ry ons oor die asemrowende Jaun-pas terug.

LUZERN

'n Besoek aan Luzern is altyd baie opwindend. Die stad is pragtig geleë aan die oewers van die Reuss-rivier aan die noordwestelike punt van die Vierwaldstättersee (Vierwoudstrekemeer) en aan die voet van Pilatus-berg, wat bo die stad uittroon. Luzern is 'n uitnemende toeristestad omdat hier so baie besienswaardighede is, onder meer die beroemde Leeumonument, handelsmerk van Luzern en die indrukwekkende Gletsertuin en -museum. Die interessante spieëldoolhof wat tot veel pret aanleiding gee en waar 'n mens net móét inloer, is ook hier.

Die Bourbaki Panorama – 'n aangrypende reuse-skildery van ongeveer 40 m in deursnee – beeld die oorgawe van die Franse leër ná 'n veldslag uit. Dis beslis 'n besoek werd. Die Kuns- en Kongreshuis langs die stasie huisves Switserse kunswerke uit die 15de tot die 20ste eeu asook moderne Europese skilderwerk.

'n Besoek aan Luzern is nie volledig voordat 'n mens oor die bekende voetgangerbruggie, die Kapellbrücke, met geskiedkundige dakskilderye en 'n agtkantige Wasserturm (watertoring) stap nie. Die pragtige wit en pienk marmer Jesuïete-kerk, nie ver daarvandaan nie, is een van die mooiste kerke in Europa.

Vir die stapliefhebbers is daar genoeg stapgeleentheid al langs die meer of na die interessante en geskiedkundige Zeitturm-klok in die ou stadsmuur, wat altyd 'n minuut voor die ander klokke sy melodie oor Luzern uitbeier.

Dan is daar, veral vir die manne, die baie interessante Verkeersmuseum: die gewildste museum in Switserland en die grootste van sy soort in Europa.

Luzern is 'n kopersparadys vir diegene wat graag iets spesiaals wil aanskaf. As jy die horlosie van jou drome soek, sal jy dit beslis hier kry!

Gelukkig is hierdie uitstappie deesdae ingesluit van die Swartwoud oppad ba Beatenberg. Die enigste ekstra uitgawes is die Gletser- en die Bourbakimuseum, vir die wat belangstel.

ZERMATT

Zermatt, aan die voet van die Matterhorn (4 478 m), is die handelsmerk van Switserland. Dit is skilderagtig geleë tussen bergtoppe van meer as 4 000 m. In Zermatt word geen gewone busse en motors toegelaat nie – slegs elektries-aangedrewe voertuie. Die dorpie het 'n besondere karakter. 'n Mens kan rustig in Zermatt rondstap en die knus en idilliese omgewing bewonder of, indien die weer gunstig is, 'n opsionele rit per tandratspoor na **Görnergrat** onderneem. Görnergrat is 'n massiewe rotskam wat 3 136 m hoog tussen twee gletsers lê. Vanaf die terras van Hotel Görnergrat het 'n mens 'n onvergelyklike uitsig op die majestueuse bergwêreld rondom jou en in besonder op die Matterhorn. Op 'n helder dag kan ongeveer 50 gletsers en 50 berge bó 3 000 m gesien word, o.a. die hoogste van Switserland: Dufourspitze (4 634 m). Slegs 15 persone kan hierdie uitstappie per keer meemaak.

UITSTAPPIES WAT TOERLEDE OP HUL EIE I.P.V. OPSIONELE DAGTOERE KAN ONDERNEEM:

BEATENBERG

Beatenberg, waar ons nege nagte tuisgaan, is 'n tipiese Alpe-dorpie, idillies geleë op 'n lang, smal plato teen die Niederhorn (1 950 m) met 'n asemrowende uitsig op die Thun-meer en die Alpe, insluitend die Eiger (3 970 m), die Mönch (4 099 m) en die Jungfrau (4 158 m). Daar is pragtige, veilige stapmoontlikhede in Beatenberg. Indien die kabelspoor al ná die winter oopgestel is, kan 'n mens die Niederhorn bestyg. Dit is 'n pragtige gesig! Dit is moontlik om 'n tandem-vlerksweefsprong ('hang-gliding') van hier af in die pragtige dal te doen. 'n Besoek aan die Beatusgrotte, wat in prehistoriese tye reeds bewoon was, is die moeite werd. U kan ook 'n uitstappie na 'n eg Switserse boerdery in Beatenberg onderneem.

INTERLAKEN

Dié pragtige en karaktervolle stadjie lê in die hart van die Bernese Voor-Alpe aan die voet van die Jungfrau, tussen die Thun- en die Brienz-meer. "Interlacus" beteken "tussen die mere". Die Aare-rivier wat deur die stad stroom, verbind die mere. Interlaken is 'n lewendige, gesellige toeristestad met pragtige parke en promenades langs die rivier. Dit bied goeie inkopie-moontlikhede en interessante besoekplekke. Pryse vergelyk baie goed met enige ander Switserse stad.

Fietse kan ook in Interlaken gehuur word om die omgewing mee te verken.